

ACHTERBERG 2006

STANDPUNTE VAN NGKA RAKENDE EENHEID

Van die kant van die NGKA-moderatuur het ons onderneem om die volgende op die tafel te plaas by die vergadering van 6-8 November 2006:

1. Die besluit van die NGKA 1999 te Barkley-Wes, soos verduidelik deur die ASK van 2005 wat onder andere die volgende beklemtoon:
 - 1.1 Dat die Gereformeerde Belydenis en siening van die regering van Christus in die kerk die fondament moet vorm van die een kerkverband.
 - 1.2 Dat dit 'n vereniging van kerke moet wees en nie die insluk van enige van die kerke deur die ander nie.
 - 1.3 Dat dit 'n soepel struktuur moet bied waarbinne, veral aanvanklik, die verskillende kerke hulle eie identiteit en bedieningswyse kan behou en nie gebind word deur die samebindende sinode en ander vergaderinge se besluite in gevalle waar hulle nie oortuig is dat dit in ooreenstemming met die Woord van God is of dat dit die bediening van die Woord in hulle gemeentes sal bevorder nie.
 - 1.4 Hierdie standpunt moet binne die huidige situasie verstaan word as deel van 'n proses waar die bedoeling nie is om alles-akkommoderend te wees nie maar om die Woord en die Gees die geleentheid te bied om ons almal weer terug te bring onder die heerskappy van die enigste Here en Herder. So 'n soepel struktuur sal ons in staat stel om eerder gouer as later weer na sy Woord en Gees te luister en teenoor mekaar die Woord te bedien.
 - 1.5 Verder is die standpunt dat die een kerkverband die bediening van en getuienis deur plaaslike gemeentes en ringe, as ruimte waar die werk van die kerk primêr gedoen word, versterk en nie verswak nie.
 - 1.6 Dat die eenheid dan ook daadwerklik moet grondvat op gemeentelike- en ringsvlak deurdat gemeentes en ringe oop moet wees vir toetreding van enigeen wat met die identiteit en bedieningswyse van daardie gemeentes / ringe wil assosieer. Waar gemeentes (kerkrade) en ringe met verskillende identiteite / bedieningswyses naas mekaar sou bly bestaan moet daar gereeld ook daar, op grondvlak, saam vergader word en deur gesamentlike kommissies daadwerklik hande gevat word vir die bediening van die Here se barmhartigheid en heerskappy aan mekaar en die wêreld.
 - 1.7 Dat die een kerkverband met beskeidenheid bejeën word as maar een van die uitdrukkings van die eenheid waarvan die eintlike geheim Jesus Christus is, sy verlossing en heerskappy.
 - 1.8 Dit beteken dat die eenheid inderdaad wyer as die strukture van die een kerkverband sal strek na almal, ook van ander kerk, wat die Here Jesus vertrou, liefhet en dien en orals waar gelowiges sy Koninkryk in die wêreld bevorder.
 - 1.9 Dit beteken ook dat die invloed en gesag nie op groot getalle nie maar op die gehoorsame luister na en bediening van die Woord van God sal berus.
2. Ook die standpunt van die NGKA oor die Belydenis van Belhar en die vrae van die ASK in hierdie verband, soos reeds aan die verskillende kerke gegee, word op die tafel geplaas.
3. Versoening moet op gemeentevlak tussen lidmate realiseer. Daar is die nienterugbesorg van eiendomme 'n groot struikelblok.